

SAIPA-TYDSKRIF: DOEL, REDAKSIONELE STRUKTUUR EN BELEID, INHOUD EN FORMAAT*

Dr. J.S. Wessels en me. H. Vollgraaff, RGN

SUMMARY

The SAIPA Council commissioned the HSRC to do an analysis of the purpose, editorial structure and policy, content and format of the *SAIPA Journal*. This article is based on an HSRC Report that was submitted to the SAIPA Council. Some of the most important findings are mentioned below: the *Journal* met the requirements of the Department of National Education for professional journals. The purpose of the *Journal*, which was directed at both academics and practitioners, was similar to that of other professional journals. The present editorial structure of the *Journal* was not functional and should consequently be restructured. The requirements that contributions had to satisfy before they could be considered for publication were inadequate and required revision. Of the contributions 79 % revealed an unacceptable scientific approach, while 47,6 % did not use source references. The practitioners' quantitative contribution to the content of the *Journal* was not disproportionately large. About one-third of the readers felt that the *Journal* mainly reflected one school of thought. Relatively few readers were fully satisfied with the topics of the contributions. There was no real objection to the placement of advertisements in the *SAIPA Journal*. Lastly it was recommended that all contributions should be accompanied by an abstract which should preferably be written in the alternative official language.

INLEIDING

Die Raad van SAIPA het op sy vergadering van 19 September 1988 sy Uitvoerende Direkteur versoek om *met inagneming van die Departement van Nasionale Opvoeding se vereiste vir 'n navorsingstydskrif, ondersoek in te stel na die wyse waarop die behoeftes van die lesers van die SAIPA-Tydskrif ten beste bevredig kan word*. In sy hoedanigheid as Hoof van die Afdeling vir Publiekeadministrasie-navorsing (APAN) by die RGN, het die Uitvoerende Direkteur die navorsingsprojek aan hierdie afdeling toegewys.

Die navorsers het die opdrag so vertolk dat 'n volledige ontleding van die doel, redaksionele struktuur en beleid, inhoud en formaat van die *SAIPA-Tydskrif* gedoen moet word. Met die *doel* van die *Tydskrif* word bedoel die oogmerk wat met die *Tydskrif* nagestreef word ten einde die spesifieke behoeftes van 'n bepaalde kliëntegroep te bevredig. Met die fokus op die *redaksionele struktuur en beleid* is aspekte soos die redakteur, die redaksionele komitee en keurders van artikels ondersoek. Die *inhoud* van die *Tydskrif* omsluit 'n ontleding van die verskeidenheid bydraes, soos redaksionele artikels, navorsingsartikels, opsommings van verhandelings/proefskrifte/navorsingsverslae, oorsigartikels en mededelings van nuwe ontwikkelings op die terrein van die publieke administrasie. Laastens is aandag aan die *formaat* van die *Tydskrif* afgestaan, te wete aspekte soos

* Gebaseer op gelyknamige verslag deur die RGN aan die Raad van SAIPA

die voorbladontwerp; die bladuitleg; die plek waar advertensies geplaas word; die druk van die naam, die volume- en uitgawenommers van die *Tydskrif*, asook die datum van publikasie onder aan elke bladsy waarop 'n nuwe artikel begin; die moontlike plasing van 'n opsomming van elke artikel, in die alternatiewe amptelike landstaal as waarin die artikel geskryf is. Die ontleding is gedoen met die volgende norme in gedagte:

- die voorskrifte van die Departement van Nasionale Opvoeding vir 'n vakwetenskaplike navorsingstydskrif,
- die algemeen-aanvaarde standaard vir vakwetenskaplike navorsingstydskrifte, en
- die verwagtinge van sy huidige lesers.

METODOLOGIE

Om hierdie ondersoek te kon doen, is vier afsonderlike prosesse van data- insameling gebruik, te wete 'n literatuurstudie opgevolg met 'n persoonlike onderhoud, 'n vergelyking van vaktydskrifte, 'n meningspeiling en 'n inhoudsontleding van die *SAIPA-Tydskrif*. Daar is van die vertrekpunt uitgegaan dat die *Tydskrif* 'n vakwetenskaplike tydskrif is en nie 'n populêre tydskrif of 'n nuusblad vir 'n bepaalde belangegroep nie.

Die vereistes wat die Departement van Nasionale Opvoeding aan vaktydskrifte stel, word in die dokument NASOP 02-014 (88/06) uiteengesit. Die inhoud van hierdie dokument is bespreek met 'n senior amptenaar van die Departement van Nasionale Opvoeding wat met die opstel daarvan gemoeid was. Tweedens is 'n studie gemaak van tien tydskrifte binne die vakgebied van Publieke Administrasie (groep A) asook 'n ewekansige steekproef van die resente uitgawes (1986-1988) van navorsingstydskrifte van aanverwante geesteswetenskappe wat deur die RGN-biblioteek ontvang word (groep B). Die mening van die SAIPA-lesers is ingewin deur 'n vraelys aan 'n ewekansige steekproef van 50 % van die SAIPA-lede. Vraelyste is nie aan institusionele lede gestuur nie. Laastens is die inhoud van die *Tydskrif* ontleed aan die hand van kritiek wat in die vraelys gelewer is. Nie al die aspekte wat in die ondersoek aangeraak is, word in hierdie artikel bespreek nie. Die data is te omvangryk om dit moontlik te maak. Die volledige verslag wat ook die bevindings en aanbevelings aan die Raad van SAIPA bevat, sal beskikbaar gestel word aan belangstellendes.

VEREISTES VAN DIE DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

Die Departement van Nasionale Opvoeding se voorskrifte is nie in besonderhede uitgespel nie. Die aard van die gepubliseerde materiaal wat tot die navorsingsproduk van 'n universiteit gereken word asook die goedgekeurde beleid vir die subsidiëring van navorsingsprodukte, word deur die Departement voorgeskryf. Volgens hierdie voorskrif word oorspronklike navorsingsartikels, navorsingsmededelings en oorsigartikels vir die vakspecialis wat in goedgekeurde navorsingstydskrifte verskyn tot die navorsingsproduk van 'n universiteit gereken.

Nie alle tydskrifte is dus geskik vir die publikasie van navorsingsartikels, navorsingsmededelings en oorsigartikels vir subsidiedoeleindes nie. Slegs die lys van navorsings-

tydskrifte van hoë gehalte wat deur die Minister van Nasionale Opvoeding goedgekeur is, word vir dié doel aanvaar.

Die vereistes waaraan 'n vaktydskrif moet voldoen voordat dit in die voormelde lys opgeneem kan word, is die volgende: *Ten eerste* moet die redaksieraad wat keuring toepas uit vooraanstaande vakspesialiste (van internasionale gehalte) bestaan. *Ten tweede* moet die navorsingsartikels, navorsingsbriewe en oorsigartikels wat in die tydskrif verskyn, oorspronklike werk wees.

DOEL VAN DIE TYDSKRIF

'n Vergelyking van die geformuleerde doel van die *SAIPA-Tydskrif* met die kriteria vir vaktydskrifte van hoë gehalte van die Departement Nasionale Opvoeding, toon dat dit nie daarmee in stryd is nie. Dit stem ook tot op groot hoogte ooreen met die doelstellings van die ander vaktydskrifte wat ontleed is.

By die evaluering van die doel van die *SAIPA-Tydskrif* is voorts gefokus op die kliënte of teikengroep waarop die *Tydskrif* afgestem is en op die behoeftes wat die *Tydskrif* moet bevredig. Die *SAIPA-Tydskrif*, soos die meeste ander vaktydskrifte, is gemik op 'n universele lesersgroep wat hoofsaaklik bestaan uit openbare praktisyns en akademici. Die ver- naamste kenmerke van die profiel van die huidige lesersgroep van die *SAIPA-Tydskrif* is:

Beroep: Openbare praktisyns (80 %)


Ouderdom: Tussen 30 en 50 jaar (61 %)

Kwalifikasie: Gegradeerd (62 %)

Huistaal: Afrikaans (72 %)

Geslag: Manlik (90 %)

Die totale steekproef van lesers is onvergenoeg met betrekking tot al die geïdentifiseerde behoeftefaktore (**figuur a**). Die mees onbevredigende lesersgroep is dosente (7 % van die steekproef) en diegene met doktorsgrade (5 %). Die twee groepe oorvleuel mekaar waarskynlik tot op groot hoogte. Die lesers is onvergenoeg oor hul verwagtinge van veral die vermoë van die *Tydskrif* om sy lesers op die hoogte te hou van ontwikkeling op die gebied van Publieke Administrasie.



Figuur A: Mate waarin tydskrif nie die behoeftes van lesers bevredig nie

REDAKSIONELE STRUKTUUR EN BELEID

By die evaluering van die redaksionele struktuur en beleid van die *SAIPA-Tydskrif* is kriteria gebruik soos afgelei uit 'n ontleding van sowel Publiekeadministrasietydskrifte as ander vaktydskrifte.

Struktuur

'n Ontleding van ander navorsingstydskrifte het getoon dat in 'n redaksionele struktuur onderskeid gemaak kan word tussen 'n redakteur, redaksionele komitee en 'n redaksionele adviesraad. Verskeie tipes redakteurskappe is aangetref en word in tabel 1 met mekaar vergelyk.

Tabel 1: Tipes redakteurskappe by vaktydskrifte

Tipes Redakteurskappe	Publieke Administrasie: Groep A		Ander: Groep B	
	N	%	N	%
'n Vaste redakteur	4	40	32	71
'n Gas- of ereredakteur	1	10	0	0
'n Assosiaat-/mede-/raadgewende redakteur	0	0	1	3
Vaste plus 'n asosiaat-/mede-/raadgewende redakteur	5	50	12	26

Dit blyk uit die voorgaande dat die meeste tydskrifte in groep A van sowel vaste as assosiaat-/mede-/raadgewende redakteurs gebruik maak teenoor groep B waar die meeste tydskrifte slegs 'n vaste redakteur het. Die gebruik van gasredakteurs kom nie in 'n beduidende mate by een van die twee ondersoekgroepe voor nie. Die *SAIPA-Tydskrif* het slegs 'n vaste redakteur (die Hoofredakteur) wat tegelykertyd ook die Uitvoerende Direkteur van SAIPA is. In hierdie opsig stem dit ooreen met 71 % van die tydskrifte uit aanverwante dissiplines wat ondersoek is. Die Hoofredakteur van die *SAIPA-Tydskrif* word tans in die redaksionele versorging van die *Tydskrif* bygestaan deur personelede van die Afdeling vir Publiekeadministrasienavorsing (APAN) aan die RGN wat in praktyk, saam met hom die redaksie uitmaak. Die name van hierdie redaksie word eger nie as sodanig in die *Tydskrif* gepubliseer nie — anders as wat by die ander navorsingstydskrifte waargeneem is.

In die redaksionele struktuur van tydskrifte word voorts onderskei tussen redaksionele komitees en redaksionele adviesrade. Die funksies van die redaksionele adviesraad blyk dieselfde te wees as die redaksieraad waarna in die NASOP-verslag verwys is. Die redaksionele komitee blyk vir die doel van die ondersoek die personeel te wees wat die redakteur behulpsaam is met die samestelling van die blad. Dit wil voorkom asof 'n redaksionele komitee 'n nouer betrokkenheid by die van-dag-tot-dag-aktiwiteite van

'n vaktydskrif het as die adviesraad. Laasgenoemde blyk soos die naam aandui, meer adviserend maar ook evaluerend van aard te wees.

Slegs 20 % van die tydskrifte in groep A beskik oor 'n redaksionele komitee teenoor 31 % van die tydskrifte in groep B. Sewentig persent (70 %) van die tydskrifte in groep A beskik oor 'n redaksionele adviesraad, wat ooreenstem met die 78 % van die tydskrifte in groep B.

Die *SAIPA-Tydskrif* maak tans gebruik van spesialiteitsredakteurs vir die keuring van artikels. Hierdie spesialiteitsredakteurs tree op as *redaksieraad* vir die *Tydskrif*. Waar daar op die binne-voorblad van die *Tydskrif* na *redaksiekomitees* verwys word, is hul funksies klaarblyklik dieselfde as die *redaksieraad* waarna in die verslag van die Departement van Nasionale Opvoeding verwys word. Die volgende inligting verskyn op die binne-voorblad van die *SAIPA-Tydskrif* oor *redaksiekomitees*

Die hoofredaksiekomitee bestaan uit die Hoofredakteur wat die Uitvoerende Direkteur van SAIPA is, die agt spesialiteitsredakteurs wat die voorsitters van die agt ondergenoemde spesialiteitsredaksiekomitees is, en die streekredakteurs wat deur die streekkomitees van SAIPA aangestel is.

Die voormelde redaksiekomitee het, sover vasgestel kan word, nooit vergader nie. Die spesialiteitsredaksiekomitees funksioneer, sover vasgestel kan word, ook nie. Die spesialiteitsredakteurs word wel van tyd tot tyd deur die Hoofredakteur genader om bydraes te evalueer. Die huidige redakteurs vir Openbare Finansies en Beleid, Openbare finansies — Beheer en Verantwoording asook vir Administratiewe Beheer en Verantwoording, is gedurende 1988 en 1989 nie een keer genader om artikels te evalueer nie. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat geen artikels op die betrokke terreine ontvang is nie. Die Hoofredakteur het egter ook van ander kundiges, sowel akademies as praktisyne, gebruik maak om artikels te evalueer. In hierdie opsig voldoen die *Tydskrif* wel aan die vereistes wat deur die Departement van Nasionale Opvoeding gestel is, te wete dat artikels deur kundiges gekeur moet word.

Redaksionele beleid

In die ontleding van die redaksionele beleid van die *SAIPA-Tydskrif* is die keuring van artikels en die wyse waarop dit plaasvind, van kritiese belang. Van die tydskrifte in groep A het 60 % die konsepartikels wat voorgelê is, aan evalueerdes gestuur voordat dit vir publikasie oorweeg is. Die persentasie vir tydskrifte in groep B is 78 %. Geen aanduiding of artikels voor publikasie gekeur word, kon vanuit die oorblywende persentasie tydskrifte verkry word nie. In 'n vraelysopname wat deur Toppins, Henson en Solezio (1988:26) by 113 vaktydskrifte in die VSA gedoen is, is bevind dat 86 % van die betrokke redakteurs artikels na kundiges vir evaluering verwys.

'n Voorbeeld van die streng keuring wat deur sommige van die buitelandse vaktydskrifte toegepas word, word aangetref by die *Royal Institute of Public Administration* se publikasie *Public Administration*. Dié tydskrif het gedurende 1988 'n totaal van 137 bydraes ontvang, waarvan sleg 24 (17,5 %) gepubliseer is. In die geval van die *SAIPA-Tydskrif* is gedurende dieselfde tydperk 33 bydraes ontvang waarvan 14 (42,42 %) gepubliseer is.

Die aanvaardingskoers is relatief hoog in vergelyking met die opname van Toppins, Henson en Solezio (1988:26) waar die gemiddelde koers 25 % was. Hul opname toon dat die tydskrif *Journal of Management* (oplaag 1 300) se aanvaardingskoers so laag as 3 % is, terwyl *Management Review* (oplaag 115000) se aanvaardingskoers 5 % is.

Die hoë aanvaardingskoers kan moontlik daaraan toegeskryf word dat daar te min bydraes ontvang word vir die aantal uitgawes (vier) van die *Tydskrif* wat jaarliks verskyn. 'n Moontlike oplossing vir die probleem is om minder uitgawes per jaar die lig te laat sien. Die oorgrote meerderheid van die lesers (91,8 %) verkies egter vier of meer uitgawes van die *Tydskrif* per jaar. 'n Ander moontlike oplossing is om meer gereeld spesiale uitgawes wat aan een tema gewy word, te laat verskyn. In só 'n geval kan die Hoofredakteur aan kundiges opdrag gee om artikels te skryf. Die meerderheid van die lesers (56,2 %) is egter gekant teen die wy van 'n uitgawe aan een tema. Ten spyte daarvan is meer as die normale aantal kopieë verkoop van die twee uitgawes van die *Tydskrif* wat gedurende 1989 aan enkele temas gewy is.

Daar is ook in geeneen van die tydskrifte wat in beide die ondersoekgroepe ontleed is, 'n aanduiding verkry dat 'n eenvormige evalueringinstrument aan die keurders van die artikels voorsien word nie. Hierdie waarneming word bevestig deur die navorsing van Toppins, Henson en Solezio (1988:26). Wat die *SAIPA-Tydskrif* betref, word daar ook nie 'n eenvormige evalueringinstrument aan die evalueerders van artikels voorsien nie. Alle artikels word nietemin, voordat dit vir publikasie oorweeg word, deur ten minste twee kundiges geëvalueer. Die bestaande beleid is om dit na ten minste een akademikus en een praktisyn (wat in die Publieke Administrasie opgelei is) vir evaluering te stuur.

Die vereistes waaraan artikels moet voldoen om vir publikasie in aanmerking te kom, word wel deur die meerderheid van die vaktydskrifte wat ontleed is, aan voornemende outeurs verskaf. In groep A word die vereistes in 70 % van die tydskrifte gedruk en in groep B in 73 % van die tydskrifte. Tien persent (10 %) van die tydskrifte in groep A en 9 % in groep B verskaf ook op aanvraag 'n afsonderlike dokument met 'n vollediger uiteensetting van die vereistes aan voornemende skrywers van navorsingsartikels of ander bydraes. Nie minder nie as 72 % van die lesers van die *SAIPA-Tydskrif* is van mening dat 'n omvattende weergawe van die vereistes waaraan artikels vir plasing moet voldoen, in 'n afsonderlike dokument op aanvraag by die redaksie beskikbaar moet wees terwyl 39 % verkies dat slegs die basiese vereistes in elke uitgawe van die tydskrif moet verskyn.

Die publikasievereistes vir artikels in die *SAIPA-Tydskrif* word, soos dit by beide ondersoekgroepe A en B aangetref is, in elke uitgawe van die *Tydskrif* gedruk. Dit is nie as 'n omvattende inligtingstuk in 'n afsonderlike dokument beskikbaar nie. Die *aanwysings aan voornemende medewerkers* geld reeds sedert 1971, en is sedertdien nie gewysig nie. Die redaksie se beleid oor die nuutste bronverwysingstegnieke, wyse van tegniese versorging en inhoud en styl word gevolglik nie daarin weerspieël nie. Hoewel publikasievereistes vir artikels wel in elke uitgawe van die *SAIPA-Tydskrif* gepubliseer word, is dit verouderd en behoeft dit 'n omvattende hersiening.

INHOUD

Die vraelys wat vir die meningspeiling onder die SAIPA-lede gebruik is, bevat 'n aantal oop vrae. Die aspekte wat die meeste aandag in die beantwoording van die oop vrae geniet het, is die wetenskaplike gehalte van die tydskrif, 'n vermeende eensydigheid van die inhoud en onderwerpe asook die omvang van die onderwerpe. Die kommentaar gelewer, word bespreek teen die agtergrond van die resultate van die geslote vrae van die vraelys en die ontleding van die inhoud van die *Tydskrif*.

Wetenskaplike gehalte

Aangesien SAIPA-Tydskrif as 'n vaktydskrif vir subsidiedoeleindes erken word, is die wetenskaplike gehalte van die bydraes van groot belang. Die oorgrote meerderheid (89,3 %) van die respondente van die meningsopname het hul tevredenheid met die wetenskaplike gehalte van die *Tydskrifte* kenne gegee. Die resultate is ontleed deur drie veranderlikes as verdelers te gebruik, naamlik: (1) lidmaatskapkategorie; (2) opvoedkundige kwalifikasies; en (3) beroep. Twee groepe verskil betekenisvol van die steekproef as geheel. Uit die ontleding met opvoedkundige kwalifikasie as verdeler blyk dit dat, in vergelyking met die voormelde 89,3 %, slegs 63,64 % van die lesers met doktorsgrade tevrede met die wetenskaplike gehalte van die *Tydskrif* is. Die tweede groep is die respondente wat by 'n universiteit of technikon doseer — 57,69 % is tevrede met die wetenskaplike gehalte van die tydskrif. Die twee groepe oorvleuel waarskynlik.

Enkele respondente wat kritiek teen die wetenskaplike gehalte van die tydskrif gelewer het, het van die oop vrae gebruik gemaak om hul mening te motiveer. Die kritici kan in twee groepe verdeel word. Sommige verwag 'n suiwer akademiese tydskrif, terwyl ander versoek dat dit op die "gewone" amptenaar gerig moet wees. Sommige respondente het voorgestel dat die *SAIPA-Tydskrif* op die lees van 'n tydskrif soos byvoorbeeld *Publico* geskoei moet wees. As gevolg van die verskille in die behoeftes van die lesers, is dit moeilik om vereistes daaruit af te lei. Aangesien die *SAIPA-Tydskrif* 'n vaktydskrif is wat aan die vereistes van die Departement van Nasionale Opvoeding en die algemene standarde van vaktydskrifte moet voldoen, word voorkeur verleen aan die groep lesers wat die *SAIPA-Tydskrif* as 'n akademiese tydskrif verkies.

Van die kritiek wat deur laasgenoemde groep gelewer is, is die vernaamste stellings die volgende:

- SAIPA bevat te veel populêre toesprake.
- *Die bydraes het nie altyd volledige bronverwysings nie.
- Die artikels is gewoonlik bloot beskrywend van aard.
- Die bydraes moet meer krities en evaluerend wees met die implikasie dat dit nie die geval is nie.
- Die bydraes het geen polemiese waarde nie.
- Persoonlike menings moet voldoende gemotiveer word, byvoorbeeld deur van statistieke gebruik te maak.
- Die bydraes toon 'n gebrek aan teorie.

- Min bydraes handel oor navorsing wat die outeur gedoen het.
- Die bydraes is dikwes “dull, sterile and unacademic” en oppervlakkig.

Die gegrontheid van die voorgaande stellings is ondersoek deur die inhoud van die *Tydskrifte* ontleed. Eerstens is die bydraes in die *Tydskrifte* geklassifiseer en die frekwensie van elke tipe bydrae bepaal. Die ontleding maak dit moontlik om te bepaal of die tydskrif te veel populêre toesprake bevat. Die onderstaande tabel (Tabel 2) gee die resultate weer.

Tabel 2: Ontleding van SAIPA-Tydskrif volgens tipe bydrae

Tipes Bydraes	Bydraes		Bladsye		P/N
	N	%	P	%	
Redaksioneel	95	16.7	288	6.1	3.0
Konferensies/ Simposia	54	9.5	164	5.5	3.0
Toesprake	34	6.0	259	5.5	7.6
Wetgewing/ Regulasies	2	0.4	22	0.5	11.0
Referente	97	17.0	950	20.1	9.8
Artikels	286	50.4	3 063	64.3	10.6
Totaal	568	100.0	4 746	100.0	8.3

Tabel 2 toon dat ongeveer die helfte van die bydraes in die *SAIPA-Tydskrif* as *artikels* gedefinieer kan word. Aangesien die bladsy-item-verhouding van die artikels relatief hoog is, maak dit 64,3 % van die aantal bladsye van die *Tydskrifte* uit. Meer as 25 % van die items van die *Tydskrifte* is ingedeel by *redaksioneel* (redaksionele artikels, boekaankondigings, ens.) en *konferensies/simposia* (verwelkomings en opsommings). Die relatiewe hoë frekwensie is egter misleidend weens die lae bladsy-item-verhouding daarvan. In die lig van die kritiek dat die *Tydskrifte* veel toesprake bevat, is dit insiggewend om daarop te let dat slegs 6 % van die bydraes *toesprake* is.

'n Ontleding van die navorsingsbenadering is gedoen na aanleiding van die lesers se bcswaar dat die bydraes bloot beskrywend is en dat dit meer krities en evaluerend moet wees. In die ontleding is van 'n steekproef van 25 % van die bydraes (artikels, referate en toesprake) gebruik gemaak. Vir die doel is 'n indeks ontwerp gebaseer op dié van Stallings en Ferris (1988). Die indeks is saamgestel uit vyf binêre veranderlikes, naamlik *konseptualiserend*, *verwantskap*, *evaluerend*, *gevallestudie* en *multiveranderlike*. Die vyf veranderlikes word as volg gedefinieer:

- Konseptueel-analiserend : die identifisering en formulering van 'n navorsingswaardige probleem;
- : 'n konseptuele analise (bv. 'n tipologie of model);

- verwantskap-aanduidend : die hoofdoelstelling van die bydrae is om óf die verwantskap tussen pare veranderlikes óf kousale verbande/kovariasie tussen twee of meer as twee veranderlikes aan te toon;
- evaluerend : die hoofdoelstelling van die bydrae is om 'n spesifieke beleid, program of verskynsel te evalueer;
- gevallestudie : in die tipe bydrae word 'n spesifieke konkrete geval bestudeer. Daar word hoofsaaklik van *kwalitatiewe* data gebruik gemaak. Dit is gewoonlik beskrywend van aard en het nie veralgemening ten doel nie; en
- multiveranderlikend : bydraes waarin die resultate van multiveranderlike statistiese analises uiteengesit word.

Indien 'n bydrae aan die definisie voldoen, is 'n waarde van 1 toegeken. Indien nie, is 'n nul toegeken. Elke bydrae word aan elke veranderlike gemeet. Vir elke veranderlike kan dus vasgestel word watter frekwensie aan die definisie voldoen. Die onderstaande tabel (Tabel 3) gee die resultate wees.

Tabel 3: Ontleding van SAIPA-Tydskrif volgens navorsingsbenadering

Binêre veranderlikes	Bydraes	
	N	%
Koseptueel	27	25.7
Verwantskap	5	4.8
Evaluerend	50	47.7
Gevallestudie	11	10.5
Multiveranderlik	2	1.9
Geen	22	21.0

Dit blyk dat die meeste artikels, referate en toesprake evaluerend van aard is. Daarenteen dui net vyf bydraes uit die steekproef van 105 'n verwantskap tussen veranderlikes aan en slegs twee kan as 'n multiveranderlike analise beskou word. Wat meer ontstellend is, is dat 21 % van die bydraes nie een van die benaderings volg nie. Hoewel 89,3 % van die lesers tevrede is met die wetenskaplike gehalte van die bydraes in die *SAIPA-Tydskrif*, blyk dit dat daar tog leemtes is.

Die kritiek dat baie van die bydraes nie bronverwysings het nie, word ook deur die ondersoek gesteun (Tabel 4).

Tabel 4: Ontleding van SAIPA-Tydskrif volgens bronverwysings

	geen N	het N	Totaal	geen %	het %	Totaal
Artikels	28	47	75	37.3	62.7	100
Referate	15	8	23	65.2	34.8	100
Toesprake	7	-	7	100.0	-	100
Totaal	50	55	105	47.6	52.4	100

Eensydigheid

Nie minder nie as 31,1 % van die respondente het tydens die meningsopname aangetoon dat die *Tydskrif* hoofsaaklik een denkrigting weerspieël. Die drie veranderlikes: huistaal, opvoedkundige kwalifikasie, en beroep is as verdelers gebruik om die resultate verder te ontlee. Die resultate toon dat huistaal wel 'n verklaarder is. Slegs 26,91 % Afrikaans-talige respondente is van mening dat die *Tydskrif* hoofsaaklik een denkrigting weerspieël teenoor die 45 % Engelssprekendes. Van die respondente met 'n ander huistaal as Afrikaans of Engels is 39,39 % van mening dat die *Tydskrif* een denkrigting weerspieël. Met opvoedkundige kwalifikasies as verdeler, verskil slegs een groep betekenisvol van die totale steekproef, naamlik die met doktorsgrade. Net 'n bietjie minder as die helfte (47,62 %) is van mening dat die *Tydskrif* hoofsaaklik een denkrigting weerspieël. Beroep is die derde verdeler. Amper die helfte (46,43 %) van die respondente wat aan 'n universiteit of teknikon doseer, huldig die mening van een denkrigting.

Sommige van die respondente is van mening dat die *Tydskrif* deur staatsamptenare oorheers word en dat dit die *Tydskrif* se objektiwiteit benadeel. Hierin word 'n bedreiging van die wetenskaplike standaard van die *Tydskrif* gesien. Kritiek is gelewer dat verskeie van die outeurs nie die nodige teoretiese agtergrond en/of wetenskaplike opleiding het nie. Ten einde die gegrondheid van hierdie kritiek te bepaal, is 'n ontleding gedoen van die beroepsagtergrond van die outeurs van artikels. In **tabel 5** word die artikels, referate en toesprake ontlee met die outeurs as verdeler. Dit wil sê, as een outeur tien artikels geskryf het, tel dit slegs een eenheid vir die doel van die ontleding. In **tabel 6** word dieselfde bydraes ontlee met die bydraes as verdeler. Dit wil sê, as een outeur tien bydraes geskryf het, tel dit vir die doel van die ontleding tien eenhede.

Tabel 5: Agtergrond van outeurs (volgens outeurs)

Outeurs	N	%
Akademikus	83	35.2
Praktisyn	103	43.6
Politieke ampsbeker	32	13.6
Private sektor	13	5.5
Ander/onbekend	5	2.1
Totaal	236	100.0

Dit blyk uit **Tabel 5** dat dit wel so is dat die grootste groep outeurs (43,6 %) openbare praktisyns is. **Tabel 6** toon egter dat die grootste groep artikels (44,8 %) deur akademi- ci geskryf is. Openbare praktisyns is egter steeds vir 'n relatief groot aantal artikels (39,6 %) verantwoordelik.

Tabel 6: Agtergrond van outeurs (volgens artikels)

Outeurs	N	%
Akademikus	187	44.8
Praktisyn	165	39.6
Politieke ampsbeker	36	8.6
Private sektor	18	4.3
Ander/onbekend	7	1.7
Totaal	417	99.0

Ten einde die gegrondheid van die kritiek te toets dat verskeie van die outeurs nie oor die nodige teoretiese agtergrond en/of wetenskaplike opleiding beskik nie, is 'n ontle- ding van die akademiese kwalifikasies van die openbarepraktisyn-outeurs gedoen (**Tabel 7**). Hieruit blyk dit dat hoewel die grootste kategorie outeurs die openbare prak- tisyns is, het die meerderheid van hierdie persone magister of doktorsgrade. Selfs die openbarepraktisyn-outeurs is dus persone met 'n teoretiese onderbou en wetenskaplike opleiding. Die spesifieke punt van kritiek blyk ongegrond te wees.

Tabel 7: Kwalifikasies van praktisyns

Praktisyns	N	%
Matriek	5	4.9
Diploma	9	8.7
Baccalaureus	15	14.6
Honneurs	11	10.7
Magister	24	23.3
Doktor	32	31,1
Kwalifikasie onbekend	7	6.8
Totaal	103	100.0

Onderwerpe

In die vraelys wat aan 'n steekproef van SAIPA-lede gestuur is, is die respondente gevra om op 'n skaal van 0 – 4 die mate waarin die onderwerpe van die bydraes in die *Tydskrif* hul behoeftes bevredig, aan te dui. Nul dui op totaal onbevredig en vier op ten volle bevredig. Net meer as die helfte (55,95 %) van die respondente se behoeftes word in 'n mate of ten volle bevredig. Die behoeftes van slegs 9,07 % word ten volle bevredig. Van die respondente het 37,47 % aangedui dat hulle met die onderwerpe nóg tevrede nóg ontevrede is.

Verskeie veranderlikes, waaronder beroep en huistaal, is as verdelers gebruik om die resultate verder te ontleed. Twee beroepsgroepe ondervind minder tevredenheid as die res van die steekproef. Slegs een van die sewe respondente wat nie-doserende poste aan 'n universiteit of technikon beklee, is in 'n mate tevrede met die onderwerpe. Ook 'n kleiner persentasie respondente (41,7 %) verbonde aan parastatale instellings as die van die totale steekproef, word bevredig. Die enigste ander groep waarvan minder as die helfte voel dat hul behoeftes ten opsigte van die onderwerpe bevredig word, is doserende personeel aan universiteite en teknikons (48 %). Nie een respondent van laasgenoemde groep se behoeftes word ten volle bevredig nie.

Die resultate toon dat hoewel die meerderheid respondente se behoeftes ten opsigte van die onderwerpe bevredig word, is min ten volle tevrede. Drie beroepsgroepe het probleme met die onderwerpe. Dit is die drie groepe wat buite die suiwer openbare sektor val. Ook wat huistale betref, is die Afrikaanstaliges as 'n groep meer tevrede as die ander drie groepe. In die geheel gesien is dit opvallend dat relatief min van die respondente ten volle tevrede met die onderwerpe is.

FORMAAT

Hoewel aandag aan verskeie aspekte van die formaat van die *Tydskrif* tydens die ondersoek geskenk is, word slegs twee van die aspekte hier bespreek, te wete die plasing van van advertensies asook die plasing en taal van opsommings.

Advertensies

'n Ontleding van ander Publiekeadministrasietydskrifte (ondersoekgroep A) toon dat 80 % advertensies plaas. Die vergelykende persentasie vir ander vakwetenskaplike tydskrifte (ondersoekgroep B) is 73 %. Dit blyk dus dat die plasing van advertensies 'n aanvaarbare gebruik by vakwetenskaplike tydskrifte is. In beide ondersoekgroepe word die advertensies meestal agter in die tydskrifte geplaas.

Die meerderheid (71,5 %) van die SAIPA-lede is ten gunste van die plasing van advertensies. Aangesien vermoed is dat nie alle tipes advertensies by die karakter van die *Tydskrif* pas nie, is die respondente die geleentheid gebied om aan te dui watter van die volgende advertensies aanvaarbaar is: poste, boeke, seminare/opleidingsgeleenthede, dienste, algemene verbruiksartikels en dienste van finansiële instellings. Die resultate word in tabel 8 weergegee.

Tabel 8: Leser-voorkeure oor die plasing van advertensies

Moontlike advertensies	% Aanvaarbaarheid
Poste	82.0
Boeke	95.3
Seminare/opleidingsgeleenthede	95.8
Dienste (bv. konsultante)	68.3
Algemene verbruiksartikels	37.2
Dienste van finansiële instellings	57.8

Van al die moontlike soorte advertensies is die SAIPA-lesers die sterkste gekant teen advertensies van algemene verbruiksartikels. Ook bykans die helfte van die respondente is gekant teen die plasing van advertensies vir die dienste van finansiële instellings.

Opsommings en taal

Die gebruik van opsommings van artikels asook die taal waarin dit geplaas word, het onder die soeklik gekom. In die ontleding van vaktydskrifte is opsommings in 90 % van die tydskrifte in ondersoekgroep A en in 69 % van die tydskrifte in ondersoekgroep B aangetref. Daar word ook in die meerderheid van die gevalle van 'n alternatiewe lettertipe as dié waarin die betrokke artikel geskryf is, gebruik gemaak. By tweetalige tydskrifte is daar geen patroonmatigheid van die taal van opsommings nie. In beide groepe word opsommings in die geval van 50 % van die tweetalige tydskrifte in albei amptelike tale gepubliseer. Tans word slegs Engelse opsommings van Afrikaanse artikels in die *SAIPA-Tydskrif* geplaas. Dieselfde lettertipe as dié van die betrokke artikel word gebruik.

Die resultate van die vraelys dui aan dat 92.7 % van die respondente die opsommings lees. Die meeste (82.8 %) verkies dat daar nie net opsommings van die Afrikaanse artikels moet wees soos tans die geval is nie, maar van al die artikels. Die lesers verkies dat die opsommings in óf albei landstale óf in die alternatiewe amptelike landstaal as die een waarin die betrokke artikel geskryf is, geplaas word. Benewens die voorkeur van die SAIPA-lesers het 'n respondent daarop gewys dat indien SAIPA internasionale erkenning wil geniet, ten minste al die opsommings in Engels moet wees indien nie die grootste gedeelte van die *Tydskrif* self nie.

Van die respondente het van die oop vrae in die vraelys gebruik gemaak om hul mening oor die frekwensie van die gebruik van die twee amptelike tale in die algemeen te gee. 'n Paar respondente voel dat 'n te groot persentasie van die tydskrif in Afrikaans is. Twee van die respondente erken dat hul Afrikaans swak is. Dit is dus in 'n mate hul eie skuld dat hulle nie die hele tydskrif na behore kan benut nie, maar voel tog dat Engels afgeskeep word. Aan die ander kant het een respondent geargumenteer dat die *Tydskrif* hoofsaaklik in Afrikaans moet wees omdat dit die oorwegende taalmedium in die Suid-Afrikaanse Staatsdiens is.

Met die ontleding van die inhoud van die *Tydskrif* is die kwessie ondersoek. Die universon van artikels, referate en toesprake tot met vol. 24(1) is vir dié doel gebruik. Die volgende twee tabelle (9 en 10) gee die resultate weer.

Tabel 9: Frekwensies van hydraes volgens amptelike tale, per twee-volume-eenhede

SAIPA-Tydskrif: Volumes	Afr	Eng
1 en 2	26	10
3 en 4	34	15
5 en 6	19	10
7 en 8	15	15
9 en 10	14	15
11 en 12	15	18
13 en 14	15	13
15 en 16	10	18
17 en 18	14	15
19 en 20	12	15
21 en 22	17	18
23 en 24(1)	12	9
Totaal	203	171

Tabel 10: Totale frekwensies en persentasies van amptelike tale

	Totaal		Vol. 1-6		Vol. 7-24	
	N	%	N	%	N	%
Afrikaans	203	48.7	79	64.2	124	42.5
Engels	171	41.0	35	28.5	136	46.6
Afrikaans en Engels	32	7.7	9	7.3	21	7.2
Ander	11	2.6	0	.0	11	3.8
Totaal	417	100.0	123	100.0	292	100.0

Dit blyk dus dat hoewel Afrikaans die eerste ses volumes oorheers het, die amptelike tale sedertdien ewe veel gebruik word.

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Die *SAIPA-Tydskrif* voldoen aan die vereistes soos deur die Departement van Nasionale Opvoeding neergelê. Die *Tydskrif* vergelyk ook gunstig met ander vakwetenskaplike tydskrifte. Die lesers van die *Tydskrif* het egter botsende voorkeure. Hier word veral verwys na die inhoud van die *Tydskrif*. Sommige van hierdie voorkeure is teenstrydig met die vereistes soos deur die Departement van Nasionale Opvoeding gestel en die vereistes wat van ander vaktydskrifte afgelei kan word. Die navorsers het daarom by die Raad van SAIPA aanbeveel om die doelstelling van die tydskrif as 'n vakwetenskaplike navorsings-tydskrif vir Publieke Administrasie in Suid-Afrika te herbevestig.

'n Aantal van die aanbevelings wat aan die Raad van SAIPA gemaak is en wat betrekking het op die aspekte wat in hierdie artikel bespreek is, word ter afsluiting genoem.

Daar is aanbeveel dat 'n kernredaksie formeel vir die SAIPA-Tydskrif aangewys word om die uitvoerende redaksionele funksies van die *Tydskrif* uit te voer en dat die redaksie saamgestel word uit die Hoofredakteur (Uitvoerende Direkteur van SAIPA) en een of meer ander persone. Voorts word aanbeveel dat die name van die kernredaksie op die binne-voorblad van die *Tydskrif* gedruk word. 'n Derde aanbeveling is dat die benaming van *spesialiteitsredaksies en -redakteurs* laat vaar word en dat die bestaande *hoofredaksiekomitee* hersaamgestel word as 'n *redaksieraad*. Hierdie raad moet saamgestel word uit kundige openbare praktisyns en akademici waarvan ten minste een van internasionale status moet wees. Ten opsigte van die vereistes waaraan bydraes moet voldoen om vir publikasie in die *Tydskrif* oorweeg te word, is aanbeveel dat die bestaande vereistes grondig hersien word en die bestaande *Kennisgewing aan medewerkers* vervang word met 'n beknopte uiteensetting van die publikasievereistes. Daar word voorts voorgestel dat 'n uitgebreide dokument oor die tegniese en stylvereistes vir bydraes

opgestel word wat op aanvraag van die redaksie verkry kan word. Daar is ook voorgestel dat 'n eenvormige evalueringsraamwerk opgestel word vir gebruik by die evaluering van bydraes deur redaksionele keurders.

Ten opsigte van die inhoud is aanbeveel dat die inhoud van die *Tydskrif* ingedeel word in vaste rubrieke, en wel soos volg: Redaksioneel; Artikels; Navorsing; Debat/Kommentaar; Uit ander oorde; Boeke/Verslae; Nuus (waarby ingesluit personalia, konferensies, streektaknuus). Die redaksie moet ook metodes ondersoek om navorsers, praktisyne en akademici aan te moedig om ook metodologies-kwantitatiewe bydraes vir publikasie voor te lê. Laastens is voorgestel dat die redaksie van tyd tot tyd kundiges versoek om oor onderwerpe, waaroor daar nie spontaan bydraes ontvang word nie, artikels te skryf.

Die laaste twee aanbevelings het betrekking op die formaat van die *Tydskrif*. Eerstens is aanbeveel dat advertensies aanvaar word, wat na die oordeel van die Hoofredakteur geskik is vir plasing in die *Tydskrif* ten einde kostes te help bestry. Laastens is aanbeveel dat opsommings van alle artikels geplaas word in die alternatiewe amptelike taal as waarin die artikel geskryf is. Die opsommings moet in kursief gedruk word sodat dit makliker van die artikel self onderskei kan word.

BRYNARD, P.A. & BRYNARD, D.J. 1985. *Inligtingsruk van Navorsing in die Publieke Administrasie*. Pretoria: RGN.

STALLINGS, R.A. & FERRIS, J.M. 1988. *Public Administration Research: Work in PAR, 1940-1984 in Public Administration Research*. Jan./Feb. 1988.

SUID-AFRIKA. 1988. *Inligtingshandleiding (Navorsingsuitleg van Universiteite)*. Pretoria: Departement van Nasionale Opvoeding. [NASOP 02-014 (88/06)].

TOPPINS, A.D., HENSON, K.T. & SOLEZIO, E. 1988. What Editors Want — How to Get Published in HRD. *Training and Development Journal*. March: 26-29.

BOEKE ONTVANG/BOOKS RECEIVED

Booyesen, H. 1989. *Volkereg en sy verhouding tot die Suid-Afrikaanse reg*. Kaapstad: Juta en Kie. Tweede Uitgawe. Prys: R98,00 plus AVB.

Hierdie is die tweede uitgawe van Booyesen se verwerkte proefskrif oor die volkereg en die verhouding tot die Suid-Afrikaanse reg. Die boek bestaan uit twee algemene afdelings getiteld *Algemene Beginsels* en *Besondere Onderwerpe*. In die afdeling *Algemene Beginsels* word aangeleenthede soos die regsraad van die volkereg (1-30); bronne van die volkereg (32-60); die individu en die volkereg (153-187) en staatsaanspreeklikheid (249-267) breedvoerig behandel. In die afdeling *Besondere Onderwerpe* word aandag onder meer verleen aan staatshandeling (365-401); die Verenigde Volke en Suid-Afrika (421-472) en Suid-Afrika en die onafhanklike (TBVC) state (474-498).

Die handboek is net soos in die geval van die eerste uitgawe, nie net op studente gemik nie, maar ook op die regspraktisyn. As sodanig is die skryfstyl gemaklik, konsepte word op 'n eenvoudige wyse verduidelik en dit is in die algemeen maklik verstaanbaar. Die algemene oorsig wat dit verleen, dra daartoe by dat ook studente in die staatswetenskappe die handboek waardevol sal vind. Booyesen slaag daarin om deurgaans na praktiese voorbeelde te verwys wat gevolglik die waarde van die boek beklemtoon.

Dit is ietwat steurend dat die verskillende opskrifte en sub-hoofde van paragrawe nie genommer is nie. Die leser kan maklik verward raak oor die volgorde waarin inligting aangebied word en die relevansie wat paragrawe met mekaar toon. Die teks toon nog 'n aantal spelfoute (bv. 20 (Sojwetunie), 77 (welisweer), 122 (Bophuthatwane), 138 (ooreenkomstetussen)). Dit is onduidelik waarom daar somtyds net na Transkei en Bophuthatswana verwys word en nie na Venda en die Ciskei nie (122 en 188). Die begrip *tuisland* (122 en 137) is waarskynlik deel van 'n vorige era se woordeboek en behoort vervang te word.

Die Kommunistiese siening van die volkereg word op 'n interessante wyse aangebied (20-24), alhoewel dit verwag sou word dat meer aandag bestee moet word oor die moontlikheid of Gorbachef die tradisionele beskouing gaan beïnvloed. 'n Derde uitgawe sal dié aspek hopelik vollediger ondersoek.

Bondige vermelding word gemaak van deelstate se bevoegdheid in 'n federasie om internasionale ooreenkomste aan te gaan (136-137). Melding behoort volledigheidshalwe ook gemaak te word dat *taalgroepe* in 'n staat soos België, ingevolge die munisipale reg, oor die nodige bevoegdheid beskik om oor sekere kultuurverwante sake ooreenkomste met ander state en deelstate te sluit.

'n Afdeling wat veral vir Suid-Afrika relevant is, is die bespreking van *volksgroepe* se beskerming in die volkereg (147-152). Booyesen behandel onder meer die vraag of 'n groep enigsins 'n reg op *selfdeterminasie* het. Hy kom tot die gevolgtrekking dat "die groep wat uit individue bestaan en wat eiesoortige eienskappe het wat betref taal, ras, godsdiens en kultuur geregtig is op die reg van selfbeskikking ongeag daarvan of daardie groep